higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

28 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Nelson Mandela is in ... uit die gevangenis vrygelaat.

A 1994
B 1993
C 1990
D 1991

1.2 Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika was in ...

A 1992
B 993
C 1994
D 1996

1.3 Van Riebeeck het in ... aan die Kaap geland.

A 1795
B 1652
C 1829
D 1651

1.4 Die begin van die vredesproses wat tot demokrasie gelei het, het in ... begin.

A 1990
B 1991
C 1992
D 1993

1.5 Die Waarheids-en-versoeningskommissie het in ... tot stand gekom.

A 1993
B 1995
C 1992
D 1994

1.6 Die hoogste rang in die SAPD is … .

A Generaal-majoor
B Luitenant-generaal
C Brigadier
D Generaal

Kopiereg voorbehou

1.7 Hoofprovoos-generaal ('provost marshal general') is die hoof van die ...

A Militêre polisie-afdeling
B Suid-Afrikaanse Polisiediens
C Verkeerspolisieagentskap
D Metropolitaanse Polisiediens

1.8 Die MPA ('MPD') gebruik dieselfde rangstruktuur as dié wat in die … gebruik word.

A SAPD
B VPA
C SANW
D MPA

1.9 'n Organogram stel jou in staat om die ... onmiddellik te identifiseer.

A arbeidsverdeling
B hiërargie
C kernfunksies
D Al die bogenoemde.

1.10 Die persoon in beheer van die MPA staan bekend as die …

A Hoof van Polisie
B Direkteur
C Beheer- provinsiale inspekteur
D Hoof- provinsiale inspekteur

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Hoofstuk 11 van die Grondwet handel oor private sekuriteitsdienste.

2.2 Die SAPD en MPA ('MPD') funksioneer op nasionale vlak.

2.3 Suid-Afrika het agt provinsies, soos in die Grondwet voorgeskryf.

2.4 MPA-beamptes kan enige polisiefunksie deur die hele land en op enige tydstip uitvoer.

2.5 'n Beampte van die militêre polisie moet as 'n vredesbeampte beskou word.

(5 × 1) **[5]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Ondergewig	A	LMI bo 25
3.2	Gesonde gewig	B	LMI onder 18,5
3.3	Oorgewig	C	LMI van 18,5 tot 25
3.4	Die rang direk bo	D	MPA
3.5	Die rang onder	E	SAPD
3.6	Nasionale Kommissaris	F	Bevorderingsrang
3.7	Hoof van Polisie	G	SA Weermag
3.8	Admiraal	H	Uittreerang (‘retire rank’)
3.9	Provinsiale inspekteur	I	SA Vloot
3.10	Onderkorporaal	J	VPA (‘TPA’)
		K	Seeman
		L	Sersant

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

aanleidende faktor; snellerfaktore; lêer; gepleeg; geleentheid; leidrade; beplande; ondersoek

4.1 Die begeerte om misdaad te pleeg staan bekend as ’n … .

4.2 Die hoofoogmerk van primêre misdaadvoorkoming is om … te verwyder.

4.3 Die misdaadtoneel is die bron van ... in die vorm van getuienis.

4.4 ’n Saakdossier is ’n amptelike polisie- ... oor ’n spesifieke misdaad.

4.5 Reaktiewe polisiëring vind plaas sodra ’n misdaad ... is.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Die Strafproseswet, 1997 (Wet 51 van 1977), wat algemeen as die SPW bekend staan, reël die strafregproses, wat in vier stadiums verdeel is.

5.1	Noem en verduidelik VIER fases wat die strafregproses reël.	(8)
5.2	Wat is 'n organogram?	(2)
5.3	Noem DRIE beperkings van 'n organogram.	(3)
5.4	Beskryf die doel van 'n organogram.	(3)
5.5	Noem TWEE steunfunksies van die SAPD.	(2)
5.6	Gee VIER komponente van 'n gesonde lewenstyl.	(4)
5.7	Beskryf hoe 'n persoon sy/haar hartklop kan deur middel van die radiale arterie of nekslagaar kan meet.	(3)
		[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 6

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jy is die bevelvoerder van 'n misdaadvoorkoming-eenheid by Seshego-polisiekantoor, Limpopo. Gedurende 'n vergadering noem lede van die gemeenskapspolisiëringsforum aan die stasiekommissaris dat daar 'n hoë volume onwettige aktiwiteite in jou polisiëringsgebied voorkom. As 'n bevelvoerder van 'n misdaadvoorkomingseenheid organiseer jy 'n gesamentlike operasie met lede van die militêre polisie, metropolitaanse polisie en verkeerspolisie om 'n padblokkade te beman. As 'n bevelvoerder van die operasie organiseer jy 'n parade waar verskillende groepe verdeel en take dienooreenkomstig toegewys word. Lede word ook ontplooi om algemene patrollies by funksies, tavernes en besige paaie uit te voer. Tydens die parade verduidelik jy aan die lede die doel van 'n padblokkade en algemene patrollies. Dit behels om motovoertuie te stop en te deursoek, dwelms, ongelisensieerde en onwettige vuurwapens en ammunisie te konfiskeer, dronkbestuurders in hegtenis te neem en voetgangers te deursoek. Jy beklemtoon ook dat veiligheid en sekuriteit in die gemeenskap deur algemene patrollies verseker sal word. Jy kontroleer of alle lede toegerus is met die nodige hulpbronne soos amptelike vuurwapens, flitsligte en notaboeke, en behoorlik geklee is. Jy waarsku jou lede om hulle van korrupte aktiwiteite te weerhou. Nadat die pligte uitgevoer is, was daar baie suksesse aangesien baie mense in hegtenis geneem is vir verskillende oortredings wat strek van besit van dwelms, onwettige besit van vuurwapens en ammunusie, tot dronkbestuur en dronkenskap in die openbaar.

6.1 Wat was die doel daarvan om 'n padblokkade en algemene patrollies soos in die bostaande scenario uit te voer? (2)

6.2 Wat is die plig van die Metropolisie na jou mening in hierdie scenario? (2)

6.3 Noem TWEE plekke waar algemene patrollies uitgevoer is. (2)

6.4 Was die padblokkade en algemene patrollies 'n sukses? Antwoord Ja of Nee en staaf jou antwoord. (1)

6.5 Gee 'n kort beskrywing van die *presensielysparade* ('roll call parade'). (3)

6.6 Beskryf die konsep *staatswetteloosheid* met verwysing na Suid-Afrika voor 1994. (5)

6.7 Beskryf polisiëring soos dit gedurende die voorkoloniale tydperk in Suid-Afrika plaasgevind het. (5)

6.8 Noem TWEE polisiëringsagentskappe wat in die vroeë Suid-Afrika deur witmense gevestig is. (2)

6.9 Gee DRIE eienskappe van koloniale polisiëring. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 7

Skryf 'n opstel oor die rol van kriminalistiektaktieke in misdaadondersoek deur na die volgende te verwys:

- Die misdaadtoneel
- Tipes misdaadtoneel
- Deursoeking van die misdaadtoneel
- Die hantering van getuienis **[20]**

OF

VRAAG 8

Bespreek die rol van die polisie in skarebestuur.

LET WEL: Die antwoord moet 'n volledige verduideliking en praktiese voorbeelde insluit van hoe 'n skare beheer word.

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou